

# Jesus Christus is in die Hemel, waar Hy as Koning oor alles regeer.

Teks: Matteus 26: 57 - 68 & Sondag 19  
Teksvers: Matteus 26:64

## 1. Inleiding

Ons is vandag steeds besig met ons reeks oor die apostoliese geloofsbelydenis. Ons het reeds gehandel oor die opstanding uit die dood. En ook oor die hemelvaart van Jesus Christus. Tog bly die vraag waar is die Here nou. Want waar ons laas geeëndig het met die hemelvaart, kan ons ons nou vra of die hemelvaart 'n proses wat steeds besig is of alreeds afgehandel is?

Vir die apostels word die Heilige Gees uitgestort wat hulle seën met die gawes en krag om die kerk te begin. Maar die kerk het ook deur die eeue op verskeie dwaalspore geland oor wat na hemelvaart gebeur. Ons kan hierdie dwaalleer hoofsaaklik opsom in twee opvattinge. Twee maniere waarop die vraag hierbo geantwoord word. Die een groep mense glo dat Jesus steeds oppad na die hemel is. Daarom sal sy heerskappy eers later begin. Dit is dan veral na aanleiding hiervan dat verskeie wegraping en duisendjarige vredesryk teorieë gemaak en geglo word. Tog is hierdie 'n pad dwaalleer, want die Bybel openbaar iets anders vir ons.

Daarom sluit ons eerder aan by die tweede groep mense wat glo Jesus is reeds in die Hemel teenwoordig is. En dat Jesus ook reeds werksaam is in die Hemel. Ons kan dit glo want Jesus wat altyd die waarheid gepraat het, het dit immers self so gesê in ons teksvers. Daarom gaan ons in ons prediking kyk na Jesus wat reeds in die hemel is, Jesus wat uit die hemel regeer en Jesus wat weer sal terugkeer na die aarde. Hierdie waarhede is natuurlik ook vir ons saamgevat in Sondag 19 van die Heidelbergse Kategismus.

## 2. Jesus Christus is reeds in die hemel

Ons gaan in Sondag 19 veral kyk na die woorde "en sit aan die regterhand van God".

Waarom word dit bevat in ons geloofsbelydenis. Watter betekenis het dit ook vir ons vandag? En by wie beter kan ons leer, as by Jesus Christus self? Ons hoor wat Jesus self hieroor sê in Matteus 26:64 wat ook ons teksvers vorm. Maar eers bietjie agtergrond oor die spesifieke situasie waarin Jesus hom hier bevind.

Ons bely in die Drie-eenheid dat Jesus Christus volkome God is. Tog het Jesus nie aan Sy Godheid vasgehou nie, maar homself verneder om 'n mens te word soos ons sien in Filippense 2. Hierdie mens-word van ons Here, Jesus Christus hou vir ons groot troos in, want dit is in hierdie menslike gestalte wat Christus die sondelose Lam sou word wat in ons plek gestraf is vir al ons sondes. Hierdie verskyning voor die hoëpriester, vorm deel van die eindgebeure van Christus se menslike bediening op aarde.

Jesus word soos 'n misdadiger voor die hoëpriester gedaag. Hulle sukkel om Jesus skuldig te verklaar. Totdat die hoëpriester uiteindelik self moet vra "Is jy die Christus, die Seun van God?". Nou kan Jesus nie langer stilbly nie. Die waarheid oor Hom word immers hier getuig. Jesus bevestig dat Hy die Seun van God is, maar daar is nog ook soveel meer.

Die Satan en die wêreld het gedink as hulle net vir Jesus dood en uit die pad kan kry, dan kan hulle regeer. Jesus sê egter, dit is nie die einde nie, daar is meer. Hierdie is maar bloot die aanbreek van die volgende bedeling. Jesus gaan sit aan die regterhand van Sy Vader en om dit te doen gaan Hy uit die dood opstaan en opvaar na die Hemel. Daarom is dit belangrik dat ons bely dat Jesus opgevaar het na die Hemel, maar ook dat Hy sit aan die regterhand van God juis omdat dit presies is waar Jesus in Sy menslike natuur nou is.

## 3. Jesus Christus regeer uit die hemel

Tog beteken "sit aan die regterhand" soveel meer as net 'n sitplek. Konings het in daardie tyd belangrike mense aan hulle regterkant laat sit. Hierdie persone was dikwels tweede in bevel. Ons dink maar aan Josef in Egipte tydens die hongersnood. Vandag nog hou regterhand iets in, van iemand wat vir my tot groot hulp is in die uitvoering van my taak. 'n Duidelike profesie hieroor vind ons in Psalm 110 waar regterhand, vyande onderwerp en regeer ook aan mekaar verbind word. Sit aan die regterhand van God is soveel meer as net die voltooiing van Christus se verhoging deur God in Filippense 2. Hierdie verhoging is waar daar aan die laaste deel van Christus se vernedering in sy aardse bestaan 'n einde gemaak word. Die regterhand van God verwys ook na die regeer-taak wat God die Vader deur Jesus Christus verrig. Daarom kan Jesus in Mattheus 28:18 sê dat alle mag aan Hom gegee is in die hemel en op die aarde. Omdat God Hom aan sy regterhand laat sit en deur Hom alles regeer.

Alhoewel dit lyk of Jesus hier in Mattheus aan die hoëpriester se mag en gesag uitgelewer is, is dit nie waar nie. Jesus wys juis in sy belydenis in Mattheus 26:64 die lig vir die hoëpriester. Die hoëpriester moes uit sy kennis van die geskifte verstaan het dat hy eintlik onder Jesus se gesag moet buig. Maar sy hart is verhard en hy wil nie Jesus se woorde as die waarheid aanvaar nie. Die kerk is vandag die manier waarop Jesus sy heerskappy in die wêreld wil sigbaar maak. Daarom bely ons Christus as die Hoof van kerk. En die Vader wil alles regeer deur Hom soos vervat in Vraag en antwoord 50 van Sondag 19. Daarom bely ons in antwoord 50 dat Christus na die hemel opgevaar het, en vandaar regeer Hy as die Hoof van sy kerk. Verder wil Christus deur die Heilige Gees vir ons - die kerk - met al sy hemelse gawes toerus vir ons werk soos in Vraag en antwoord 51 van Sondag 19. Christus gee aan ons sy hemelse gawes. Hy beskerm ons teen alle vyande.

Daar is ook groot troos in Vraag en antwoord 51. Omdat Jesus Christus al die mag het, is die Satan ook onder sy mag. Daarom kan Christus ons teen al ons vyande en die bose beskerm, daarom was die hemelvaart die eerste dag van die duisendjarige ryk waarvan ons in Openbaring 20 lees, en sal die wederkoms ook die laaste dag van die duisendjarige ryk wees. Christus is in beheer

Tweede Preek

en regeer elke dag aktief maak nie saak wat gebeur nie.

## 4. Jesus kom weer terug

Maar wat steeds 'n groot troos bring is Jesus se uitspraak in ons teksvers dat Hy weer sal terugkom op die wolke. Die Satan is reeds oorwin en gebind op hierdie aarde maar sy laaste stuiptrekkings het dikwels afskuwelike uitwerkings op die kerk en die gelowiges. Maar daar is vir ons as Christene 'n ander troos in God se Woord: want hier sê Jesus self in Mattheus 26 vers 64 dat alles nie maar vir ewig so sal aanhou nie. Hy kom weer terug en dan gaan Hy finaal 'n einde maak aan alle ongeregtigheid. Hy gaan die werkers van die bose oordeel. Soos wat Vraag 52 antwoord - dan sal Hy al sy en ons vyande in die ewige verdoemenis werp. Maar al sy uitverkorenes sal dan saam met Hom na die hemelse blydskap en heerlikheid geneem word.

'n Verdere troos wat ons as gelowiges het, is dat hierdie tweede koms van Christus nie ongesiens verby sal gaan nie. Dit sal nie in die geheim gebeur nie. Anders as die hoëpriesters en die Fariseërs wat Jesus Christus hier in die nag stilletjies wil verhoor werk God nie in die geheim nie. Daarom praat Christus hard en duidelik van sy terugkoms na die aarde in vers 64. En hierdie terugkoms is nie 'n vreemde gebeurtenis wat deur gelowiges ontsyfer sal moet word nie. Die wederkoms sal geskied presies soos die hemelvaart, met Christus wat terugkom op die wolke. Ons weet nie wanneer dit gaan gebeur nie, maar weet dat dit wel gaan gebeur.

Intussen is ons nie soos skape wat sonder 'n herder rond dwaal nie. Jesus stuur die Heilige Gees en die Woord aan sy kerk om hulle te lei en bewaar totdat Hy terugkeer.

## 5. Slot

Aan die begin het ons verwys na die twee hoofstrome oor Jesus se hemelvaart. Maar ons sien duidelik dat, wanneer Jesus nie reeds in die hemel werkzaam is nie, dan is daar vir ons nie baie hoop nie. Want dan is ons uitgelewer aan die bose. Maar nou regeer Jesus oor alles waar Hy aan die regterhand van die Here sit. Daarom kan die Here ook vir

ons beskerm en versorg. Want alle mag in die Hemel en op aarde behoort aan Hom.

Daarom is dit duidelik dat daar geen beter Hoof of Leier vir die kerk kan wees nie. God gee daarby aan ons gewone mense die voorreg om deel te wees van sy kerk hier op aarde. Ons het die voorreg om sy wil uit te voer. Die wil van God waarin sukses gewaarborg is, omdat die bose reeds oorwin is. Besef ons as kerk van Christus nog hierdie reuse voorreg wat ons het, of het "kerk" al vir baie van ons 'n las geword waarvan ons eerder wil ontslae raak?

Laastens is al hierdie dinge maar net tydelik. Dit is tentwonings op die aarde. Want Christus is op pad terug. Lewe ons nog elke dag in afwagting op die wederkoms van Jesus? Is ons gereed as dit nou sou plaasvind of is ons vasgevang in verskeie wêreldse ideale?

Die Here Jesus Christus regeer oor alles van waar Hy aan die regterhand van God die Vader sit.

Amen